



Kategetetoerusting

4de Kwartaal 2014



'n Bietjie meer oor Gelykenisse

Leo Tolstoi se verhaaltjie getiteld: *"Where love is, God is"* handel oor die eenvoudige skoenmaker Martin Avdéiteh. Martin droom een nag God gaan by hom kom kuier.

Daardie oggend sien Martin 'n arm straatveër genaamd Stepánitch in die koue buitekant sy husie. Hy nooi hom binne, gee vir hom tee en gesels oor Christus. Later sien Martin 'n arm vrou met 'n baba deur sy venster. Hy nooi haar ook in, gee vir haar kos en noodsaaklike lewensmiddele en praat met haar oor God. Haar hart loop oor van dankbaarheid as sy vertrek. Ook maak Martin later daardie dag vrede tussen 'n appelverkoopster en 'n seun wat een van haar appels steel. Hulle hoor ook van Jesus se vergifnis en stap saam daar weg.

Daardie aand as Martin bid, sien hy skielik vir Stepánitch, die arm vrou en die appelverkoopster. Hulle glimlag vir hom en verdwyn. Martin tel dan sy Bybel op wat oopgeval het by Matteus 25. Daar lees hy toe: "Ek was honger en julle het vir my kos gegee; Ek was dors en julle het my te drinke gegee..." Toe weet Martin sy droom het waar geword. Die Here het regtig daardie dag kom kuier. Hy vermom Homself maar net goed en kom kuier in die gestalte van mense wat swaarkry.¹

¹ <http://www.ekerk.com/>

Nou wat het dit met die Gelykenisse van Jesus in die Bybel te doen?

Niks. Maar ook eintlik alles. Dit is net 'n voorbeeld van 'n storie wat gebruik word om 'n beginsel of dan in dié geval, 'n morele verpligting of verwagte optrede as Christen, te verduidelik.

As Tolstoi eerder gepreek het oor “julle moet vir die armes sorg”, sou dit steeds so effektief gewees het?

Sê nou hy het 'n lys gemaak van byvoorbeeld kenmerke van 'n Christen en dit op straat verduidelik of in een van sy boeke geskryf ...

- Jy moet arm mense help
- Jy moet die wat honger is, kos gee en die wat dors is, water gee
- Jy moet 'n vredemaker wees.

... sou dit so effektief wees soos sy storie?

Wat is 'n gelykenis?

Die gebruik van gelykenisse het 'n lang geskiedenis – jy sal dit al in Spreuke 25 vind. Dit is eenvoudig 'n storie wat dinge met mekaar vergelyk en altyd situasies en voorwerpe uit die alledaagse lewe gebruik.

Jesus was nie 'n abstrakte filosoof wat mense met ingewikkelde woorde moeg gemaak het nie. Hy het op die vlak van gewone mense gekommunikeer en as hy oor geestelike dinge wou praat, het hy stories uit die alledaagse lewe gebruik waarmee mense kon assosieer –

- 'n Saaier wat saad saai
- 'n Bouer wat sy huis bou
- 'n Boer wat sy skape huis toe bring en na die verlore een soek
- 'n Seun wat berou het oor hy sy pa sleg behandel het
- Huisvroue wat brood bak
- Visser swat hul nette in die water uitgooi
- Meisies wat vergeet om olie in hul lampies te gooi

Direkte en Indirekte Lering

Direkte lering vind plaas wanneer ons byvoorbeeld bewustelik luister na 'n preek of toespraak of in die klas na 'n verduideliking van 'n probleem. Dit is effektief vir dié wat werklik iets daaruit wil leer.

Dan is daar **indirekte lering**. Dit vind meestal “toevallig” plaas en word deur opvoedkundiges ook “toevallige leer” genoem. Dit is wanneer jy 'n storie hoor, 'n vergelyking of assosiasie maak om iets te verstaan, of wanneer jy 'n voorbeeld sien.

Vereenvoudigde voorbeeld

As 'n mamma haar dogtertjie leer om tafel te dek, gee sy nie vir haar 'n lys van moets en moenies nie, maar wys die hele tyd en praat oor hoeveelhede, watter kant van die bord die mes kom, ens. Kyk na die dialogvoorbeeld:

<p>Mamma: Sussie, wil jy nie gou vir my 4 messe uithaal nie, asseblief? Pragtig! Een vir Pappa, een vir Mamma, een vir jou en een vir jou Oupa.</p> <p>Sussie: Wat moet ek daarmee maak, Mamma?</p> <p>Mamma: Kom ek wys jou. Sit Pappa s'n hier langs aan sy bord neer. Nou sit jy die ander ook langs hulle borde neer.</p>
--

Wat het hier gebeur? Watter vaardighede is aangespreek?

- Getalleleer
- Etiket
- Ruimtelike Oriëntasie
- Waardering van die individu (sosiale vaardighede)

Sonder dat Sussie bewus is daarvan, het sy nou leer tel, leer tafel dek, geleer wat “langs aan” beteken, dat daar 'n spesiale plek vir elkeen is en sy voel tegelykertyd spesiaal.

As ons 'n storie hoor of 'n voorbeeld sien, onthou ons dinge baie makliker.

Indirekte lering spreek tot ons gevoelswese en ons onderbewussyn – baie meer as tot ons denke en verstand.

Jesus het gelykenisse of stories gebruik om mense nie net op hul bewussynsvlak aan te spreek nie, maar ook hulle onderbewussyn. Vir Hom is ons uiterlike optrede en innerlike gedagtes en motiewe ewe belangrik.

Lees nou **Matteus 13** waar Jesus self verduidelik hoekom hy in gelykenisse praat.

Sentrale Tema

Die koninkryk van die hemel is die sentrale tema in die gelykenisse.

As Jesus na die “koninkryk van die hemel” verwys, bedoel hy eintlik die soewereiniteit of regering van God, nie ‘n plek of instelling nie². Dis nie iets wat jy op ‘n fisiese plek of kaart kan gaan opspoor nie.

Het Hy dus bedoel dat dit iets is wat in die toekoms lê, reeds teenwoordig was, of albei? Albei.

- Toe Jesus bese geeste uitgedryf het (Matt 12:28), was dit ‘n teken dat die koninkryk alreeds op aarde gekom het
- As mense hulle aan God onderwerp, bestaan die koninkryk – dit is ons s’n wanneer ons God gehoorsaam
- As hy praat van ‘n heerliker toekoms wanneer die koninkryk “vervul” sal word, beteken dit die ewige lewe saam met God onder God se soewereiniteit wanneer ons ons erfenis in besit gaan neem³

Lees ook: Matt 25:34 en Openbaring 11:15

Met ander woorde, eendag sal die koninkryk van die hemel die hele wêreld insluit en ons sal deel wees daarvan vir ewig.

- In die gelykenis van die skape en bokke (Matteus 25:31-46) hoor die gelowiges dat hulle hul erfenis in besit kan neem op die oordeelsdag
- In die gelykenis van die saaier (Matteus 13:1-9; 18-23) en die een oor die onkruid en die goeie saad (Matteus 13:24-30) gaan dit oor die feit dat die goeie saad wat groei en volhou, die koninkryk beërwe.
- Aan die einde van die tyd word die regverdiges en onregverdiges geskei – soos die vissers die eetbare vis uitsoek en die res weggooi in Matt 13
- Die koninkryk van God is iets wat baie waardevol is (soos die pèrel in Matt 13)

Die tasbare beelde van die vergelykings help om die gedagte in jou onderbewussyn vas te lê. Jy kan jouself verbeel hoe die toehoorders hul koppe geknik het met die gedagte: “Ek weet presies wat Hy bedoel.”

² Grieks = *basileia tou theou*

³ Lang, Stephen, J. 2011. *Leer ken die Bybel in 30 Dae*. Struik Christelike Boeke: Kaapstad

Liefdesverhale

Jesus se bekendste gelykenisse is ook liefdesverhale wat beklemtoon dat God alle mense lief het en bereid is om hulle te red. Dit sluit weereens aan by die koninkryktema wat jy as kind van God uiteindelik kan beërwe.

Hy het jou so lief dat –

- Hy alles sal laat staan en na jou soek tot Hy jou gekry het (verlore skaap; muntstuk; pêrel)
- Hy wil feesvier as jy Hom kies of Hy jou weer gevind het (verlore seun; verlore skaap)

Karaktervergelyking

Die gelykenis van Lasarus en die ryk man – Hier word ons herinner dat hoogmoed en hardvotigheid ons niks in die sak gaan bring nie, maar dat die nederige en hy wat volhard in geloof, in die paradys saam met God sal wees. Let ook op dat hierdie gelykenis dui op Jesus wat reeds uit die dood opgestaan het, maar vir ons wys dat daar, ten spyte van Sy lyding, nog steeds mense is wat aanhou om hardvotig te wees en uiteindelik verlore sal gaan.

Verrassende eindes

Jesus se stories het dikwels 'n verrassende einde gehad – anders as wat die mense verwag het:

- In die verlore seun se storie sou die normale mens wou hê dat die pa sy seun wegjaag of verwyf of dat die broer hom iets aandoen. Maar dan word daar 'n fees gereël en eerder as om ver van sy huis af in armoede dood te gaan, word die verlore seun as berouvol uitgebeeld en verkry uiteindelik 'n meer simpatieke karakter as sy oudste broer (wat as die deugsame een voorgekom het en volgens menslike standaarde eintlik die beloning verdien het)

Onwaarskynlike held

In een van Jesus se mees geliefde gelykenisse is die onwaarskynlikste persoon op die ou end die held:

- Waar die selfvoldane wetgeleerde besluit om Jesus te toets met die vraag “Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry”, antwoord Jesus hom met 'n teenvraag en daarna vertel Hy die storie van die barmhartige Samaritaan.
- Hier word die amptenare van die tempel (die Leviet en priester) uitgebeeld as hartelose/hardvotige en hoogmoedige mense, terwyl die Samaritaan se verstommende barmhartigheid die kollig steel.

Samaritane was 'n gemengde bevolkingsgroep wat noord van Judea gewoon het en op wie die Jode neergesien het. Met hierdie storie wys Jesus dat die koninkryk van God vir alle soorte mense toeganklik is – selfs vir 'n Samaritaan – solank hulle God en hulle naaste liefhet.

Naasteliefde

Die “liefde vir jou naaste” is iets wat die mense van daardie tyd (uitgesluit die Jode) nie verstaan het nie. Hulle het hartstog vir 'n vrou, vriendskap vir 'n kameraad, toegeneetheid teenoor familieleden en regverdigte behandeling van burgers verstaan, maar nie naasteliefde nie.

- Die Samaritaan het naasteliefde verstaan; maar nie die Leviet of priester nie. Ironies, want eintlik moes hulle wat eerstens Jode was en tweedens tempel-amptenare, dit beter verstaan het as die Samaritaan wat “heidens” was.

Die geestelike waarhede van die gelykenisse is deur die mense van daardie tyd ingesien, maar hulle het nie daarvolgens geleef nie. Daarom verduidelik Jesus dit apart aan sy dissipels – Mark 4:11-12 en kyk ook Jesaja 6:9-10).

Volgens God se beskouing verstaan jy nie 'n waarheid ten volle tensy jy dit toepas nie. Die Bybel handel nooit oor iemand anders nie. Dit is God wat persoonlik met jou praat. Jesus het nie die mense van die koninkryk van God geleer om hulle te Vermaak nie, maar om hulle te red.

**God se koninkryk is ons mikpunt,
dit is waarna ons as kinders van Hom strew,
die sentrale doel van ons lewens.**

Bron: Lang, Stephen, J. 2011. *Leer ken die Bybel in 30 Dae*. Struik Christelike Boeke: Kaapstad